UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Instituut vir Termodinamika en Meganika – Institute for Thermodynamics and Mechanics

# *OPSOMMENDE JAARVERSLAG 2002*

Die ITM bly 'n uiters belangrike faktor in die ontwikkeling en ondersteuning van die Departement Meganiese Ingenieurswese se navorsing en onderrig, en het daarin geslaag om samewerking met die nywerheid te bevorder.

Die Eenheid vir Voertuigaandrywing (EVA), 'n eenheid binne die ITM wat in 2000 tot stand gekom het, se aktiwiteite is ook in hierdie jaarverslag ingesluit. Die EVA-uitgawes het inkomstes oorskry omdat die inkomste van die Spoornet projek reeds in 2001 inbetaal is, maar die meeste uitgawes eers in 2002 aangegaan is. Daar is ook R600 000 van opgehoopte EVA fondse aan bouwerk bestee.

Die totale inkomste van die ITM het in 2002 met 54% afgeneem van R6 921 252.19 na R3 173 651.81. Hierdie afname kan grotendeels toegeskryf word aan die kleiner omvang van EVA projekte in 2002 en die groot eenmalige Spoornet projek van 2001. EVA se inkomste het 13% van die ITM se inkomste in 2002 uitgemaak. Die ITM totale inkomste in 2002 verteenwoordig nogtans 'n gemiddelde groei van 11% per jaar sedert 1998, die jaar voor die ontstaan van EVA. Die ITM sonder EVA se inkomste het met 40% per jaar gegroei van R994 266.4 in 1999 tot R2 746 569.27 in 2002.

Die ITM lede het in totaal 2388 uur aan die projekte bestee. ‘n Groot aantal projekte met 'n totale kontrakwaarde van sowat R3 047 346 is in 2002 afgehandel. Die nywerheidsbydraes van THRIP projekte binne EVA was R347 192 teenoor R562 192 vir lede van die ITM. 'n Totaal van R1 250 471 (41% van buitewerk-inkomste) is aan nagraadse beurse, assistentskappe, toerusting, programmatuur, en wetenskaplike reise bestee. Indien die vergoeding (salarisse en konsultasie) van nie-lede asook laboratoriumfooie en verbruikbare materiaal ingereken word, is daar in die verslagjaar R4 170 069 aan die ondersteuning van akademiese aktiwiteite bestee. Die lede van die ITM het 18 internasionale vaktydskrifartikels en 13 internasionale kongresreferate gelewer in 2002.

Departement Meganiese Ingenieurswese
Privaat Sak X1
7602 MATIELAND
Suid-Afrika
Tel: (021) 808 4376 Faks: (021) 808 4958
E-pos: meganies@ing.sun.ac.za

ITI STELLENBOSCH

Department of Mechanical Engineering
Private Bag X1
7602 MATIELAND
South Africa
Fax: +27 (0) 21 808 4958 Tel: +27 (0) 21 808 4376
E-mail: meganies@ing.sun.ac.za

Ten spyte daarvan dat EVA-uitgawes in 2002 die inkomstes oorskry het, was die beskikbare fondse aan die einde van 2002 vir ITM in totaal, R2 258 620.   Debiteure was R550 186 (25% van beskikbare fondse).

Graag wil ek my dank en waardering uitspreek teenoor alle persone wat 2002 'n suksesvolle jaar vir die ITM gemaak het.